

Fokusarea 3

Hierdie vier standarde fokus op die samehang en integrasie van die onderskeie komponente waaruit die institusionele gehaltebestuurstelsel bestaan, en hoe dit in samehang kan werk om die waarskynlikheid van studentesukses te ondersteun en die gehalte van leer-, onderrig- en navorsingskontak te verbeter, asook om die uitkomst van opbouende, geïntegreerde gemeenskapsbetrokkenheid ooreenkomstig die institusionele missie te vervleg.

Standaard 9	Standaard 10	Standaard 11	Standaard 12
Daar bestaan 'n bewysgebaseerde, samehangende, redelike, funksionele, betekenisvolle en gestruktureerde verband tussen alle onderdele van die institusionele gehaltebestuurstelsel.	Daar bestaan bewysgebaseerde, gereelde en toegewyde oorsigbestuur en bestuursoorsig van die gehalteversekeringstelsel.	Daar bestaan beplanning en prosesse om te sorg dat hulpbronne aan alle komponente van die institusionele gehaltebestuurstelsel redelikerwys en funksioneel toegewys word.	Die gehalteversekeringstelsel bereik die oogmerke van die stelsel doeltreffend en doelmatig.
Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel
+ Akademiese departemente en steundienste evalueer hulleself volgens 'n sesjaarsiklus (wat 'n tweejaarlikse opvolgverslag insluit). + Werksooreenkomste en prestasiebeoordelingstelsels vir menslike hulpbronne is goed gevestig en funksioneel.	+ Daar is duidelike verantwoordbaarheidslyne vir gehalteversekering binne fakulteite en op institusionele vlak. + Goeie onderrig-en-leerpraktyke word in talle gevalle op institusionele sowel as fakulteitsvlak uitgeruil (O&L-“hubs”). + Dekane, visedekane en fakulteitsbestuurders hou gereelde forumvergaderings.	+ Gehalteversekering is 'n gedeelde verantwoordelikheid en word in begrotings en werksooreenkomste geïntegreer. + Die toedeling van die werkslading op departements-vlak word op 'n billike en deursigtige manier bestuur en goedgekeur.	+ Gehaltebestuur en -versekering is afgewentel, en begrotings geskied op fakulteits- en verantwoordelikheid-sentrumvlak. + Gehalteversekering word vakkundig benader.

MOONTLIKE AKSIESTAPPE TER VERBETERING

<ul style="list-style-type: none"> - Fakulteite en steundienste benodig verdere leiding om hulleself doeltreffend te kan evalueer. - Die beperkings op personeel se kapasiteit en tyd om aan 'n selfevalueringsproses deel te neem kan deur meer aanlyn selfhulpbronne verlig word. - Daar heers spanning tussen die vereistes van beroepsiggame en die US se gehalteversekeringsreëlings. - Gehalteversekering van interfakultêre programme moet gemoniteer en bestuur word. 	<ul style="list-style-type: none"> - Verantwoordelikheidsentrums moet ook goeie praktyk uitwys, daaroor besin en dit uitruil. 	<ul style="list-style-type: none"> - Staan fakulteite en PASD-omgewings met die werksaamhede vir hulle sesjaarlikse selfevaluerings by deur bykomende kapasiteit in te koop. 	<ul style="list-style-type: none"> - Die jaarlikse gehalteversekering- en -bevorderingsbeplanning in fakulteite moet sterker gevestig word.
---	--	---	--